

## Chris Jones\*

Ons gedenk elke jaar op 27 April [Vryheidsdag](#) om ons aan die eerste demokratiese verkiesing te herinner wat op hierdie dag in 1994 plaasgevind het. Dit was die geboorte van ons grondwetlike demokrasie en het die waardigheid van die meerderheid Suid-Afrikaners herstel wat nog nooit vantevore gestem het nie. Suid-Afrika is vandag wat dit is danksy so baie mense se talryke opofferings.

Die Amerikaanse organisasie Freedom House publiseer jaarliks sy wêreldwye verslag, [Freedom in the World](#), wat op “politieke regte en burgerlike vryhede” fokus. Die 2021-uitgawe dek gebeure in 195 lande en 15 gebiedsdele van die begin van Januarie 2020 af tot aan die einde van Desember 2020.

*Freedom in the World* neem aan dat “vryheid vir alle mense die beste bereik word in liberale demokratiese samelewings” en meet die ware regte van vryhede wat individue werklik geniet, eerder as om regerings of hul prestasie *per se* te beoordeel, skryf dr Chris Jones, hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch. Om meer te wete te kom oor hierdie verslag en hoe Suid-Afrika vaar, lees Jones se volledige meningsartikel deur [hier](#) te klik.